

Woensdag 17 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 85
(1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 85:7, 11

Goedertierenheid, trou, geregtigheid en vrede is alleen in Jesus Christus te vind

God het met die ballingskap sy toorn/grimmigheid oor sy volk uitgestort, maar nou het Hy dit van hulle afgewend. Hy het hulle uit die ballingskap verlos, maar daar was allerlei moeilikhede wat gemaak het dat dit weer sleg gegaan het. Daar was vyandskap van buite teenoor die volk, daar was armoede en allerlei ongeregtige dinge binne die volk. Nou bid die digter dat die HERE hulle weer genadig sal wees en weer sy toorn van hulle afwend (vs 6). Maar die redding vereis dat God hulle weer lewend maak om Hom reg te kan dien in blydschap (vs 7).

In die geloof sien die digter dan deur die inspirasie van die Heilige Gees 'n heerlike toekoms met goedertierenheid en trou enersyds en geregtigheid en vrede andersyds. Hy sien 'n heerlike toekoms wat eers ten volle deur Christus werklikheid sou word en op 'n nuwe aarde volmaak sal wees. Want goedertierenheid, trou, geregtigheid en vrede is alleen in Christus te vind.

Goedertierenheid spreek van genade en trou en beteken volgens die Hebreus ook waarheid. Dit ontmoet mekaar (vs 11) in Jesus Christus: "... die Woord het vlees geword en onder ons gewoon – en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol genade en waarheid" (Joh. 1:14). Jesus is die waarheid en het gekom om ons deur sy genade te red, en Hy het aan ons die Heilige Gees gegee om ons in die waarheid te lei.

So kom geregtigheid en vrede ook net deur Jesus Christus. Aan die kruis het geregtigheid en vrede mekaar gekus (vs 11). Hy het vir ons aan die kruis gesterf om ons sondeskuld te betaal. Daar is ons vrygespreek, ons is nou regverdig voor God. En hierdie geregtigheid gee vrede, daar is geen vyandskap meer tussen ons en God nie, maar in Jesus Christus is ons kinders van Hom. Ons is nie meer onder sy ewige toorn nie, maar het vrede met Hom.

Goedertierenheid, trou, geregtigheid en vrede is nie deugde wat by die natuurlike mens te vind is nie. Alleen in Jesus Christus wat ons deur die Heilige Gees lewend maak (vs 7) en na sy beeld vernuwe, kan dit op die aarde wandel en sal dit op die nuwe aarde volmaak wees.

Sing: Psalm 85-1:1, 4

Ds. CJJ Putter (Jaco) (Potgietersrus)